Schützprojek Februarie 2016

1. Agtergrond

Die Schützprojek van einde Januarie 2016 is reeds die derde inisiatief met hierdie spesifieke formaat, gewy aan Heinrich Schütz, die belangrikste Duitse komponis van die sewentiende eeu. Die sukses van die vorige projekte en die feit dat hierdie musiek dit moontlik maak om in ‘n klein ensemble sulke uiteenlopende instrumente soos strykers en skuiftrompette te kombineer, motiveer die voortsetting van hierdie tradisie benewens ander aktiwiteite van die Koepel Kunstesentrum (meestersklasse en konsertprojekte soos die komende uitvoering van die Johannespassie van Bach in Maart 2016 met historiese instrumente.)

Sedert 2008 word kursusse, konsertprojekte en meestersklasse in Historiese Uitvoeringspraktyk met die hulp van die voorste Europese kundiges deur die Koepel Kunstesentrum aangebied. Die doelwit is om ‘n kerngroep van kundige musici in die land te vestig vir die uitvoering van nie-hedendaagse musiek volgens die uitvoeringsideale en met die instrumente van die tyd waarin dit gekomponeer is.

Aangesien een belangrike struikelblok die onbekombaarheid van historiese instrumente is, word ‘n aktiewe beleid van aanskaffing van instrumente gevolg. Benewens ‘n bestaande versameling van klawerbordinstrumente (klein pyporrels en klawesimbels) en strykinstrumente, is vir die huidige kursus ‘n stel van drie barokskuiftrompette van ‘n instrumentmaker in Duitsland aangekoop. Die beskikbaarheid van instrumente bied geïnteresseerde musici die geleentheid om praktiese ervaring op te doen en help met die besluit om eie instrumente aan te koop en kundigheid in historiese uitvoeringspraktyk te bekom. Hierdie barokskuiftrompette is die enigstes in die land en daar is na die kursus reeds groot belangstelling van musici. Daar word beplan om die instrumente by die komende winterskool in Vroeë Musiek wat deur die Universiteit van Kaapstad aangebied word, aan Kaapse musici beskikbaar te stel.

Die ongelukkige samevalling van die datums van hierdie projek met die Mozartfees in Johannesburg en die UNISA klavierkompetisie in Pretoria het meegebring dat vele van die sangers wat die vorige kursus meegemaak het, nie kon deelneem nie, asook dat die slotkonsert weens kompetisie van ander konserte nie in Johannesburg of Pretoria kon plaasvind nie.

2. Afloop van die projek

Die aktiwiteite het op Vrydag 29 Januarie by die Koepel Kunstesentrum op Deelfontein in die Noord-Vrystaat begin, nadat ‘n voorbereidende naweek van instudering reeds twee weke vroeër plaasgevind het. Die musikale leiding was in die hande van Norbert Brandauer, sanger, dirigent en skuiftrompetspeler uit Oostenryk. Deelnemers aan die kursus was tien sangers, vyf strykers, drie skuiftrompetspelers, ‘n blokfluitspeler en ‘n orrelis. Tydens die eerste oefennaweek op Deelfontein is op die inoefening van die koorwerke gekonsentreer. Vanaf Maandag 1 Februarie het die oefeninge aan die huis van Gerhard Coetzer, een van die koorsangers, in Pretoria plaasgevind. Hier is ook intensief met die instrumentaliste geoefen. Op aandrang van die deelnemers is wel ‘n konsert in Pretoria met kort kennisgewing in die Christ Church in Arkadia geskeduleer. Op Sondagmiddag is die program van werke van Schütz in die Etienne Rossouw-teater in Sasolburg voor ‘n groot en geesdriftige gehoor herhaal.

3. Die Musikale Direksie

Norbert Brandauer

Norbert Brandauer (Salzburg, Oostenryk) is ‘n veelsydige musikus wat as sanger, skuiftrompetspeler, dirigent en musiekopvoeder aktief is. Hy het aan die Mozarteum in Salzburg en die Franz Liszt-Universiteit in Weimar studeer. Sy belangstelling in historiese uitvoeringspraktyk het reeds vroeg in sy loopbaan ontluik, en hy neem aan die Europese Vroeë Musiek-beweging deel as barokskuiftrompetspeler, dirigent en aanbieder van kurusse in Oostenryk, Hongarye en Nederland. As orkesmusikus het hy in ensembles soos Camerata Salzburg, Balthasar Neumann, L’Arpa Festante, Marini Consort Innsbruck gespeel, onder andere onder Rene Jacobs en Thomas Hengelbrock. Hy is lid van die Salzburgse Bachkoor, dirigent van die Salzburgse Kamerkoor, en dirigent van die Chorus Juventus by die Weense Seunskoor, waar hy ook musiek onderrig. Verdere dirigeeraktiwiteite sluit die Salzburgse Jeugorkes en verskeie jeug- en kinderorkeste in. Hierdie is Norbert Brandauer se eerste besoek aan Suid-Afrika.

4. Deelnemers

Sopraan:	Marilize Hattingh, Helene Joubert, Bianca Scholten
Alt:	Runhild Hüsselmann, Erica Louw
Tenoor:	Chris Mostert, Hermann Pretorius, Gerhard Coetzer,
Bas:	Corniël Calitz, Gerhard Benade
Viool:	Elmarie van der Vyver, Tanya Spiller
Altviool:	Friederike Scholtz
Cello:	Mietze Dill
Kontrabas:	Hilton Anspach
Blokfluit	Kaleem Ahmid

Altskuiftrompet: Nick Green
Tenoorskuiftrompet: Lincon Jansen
Basskuiftrompet: Jurie Swart
Dulsiaan Gerhard Benade

Orrel: John Coulter

5. Die Musiekprogram

Die musiekprogram vir die projek bied ‘n dwarssnit uit die werke van Schütz se lang en steeds produktiewe lewe en bestaan uit onder andere uittreksels van sy belangrikste versamelings Symphoniae Sacrae, Psalmen Davids, en Kleine geistliche Konzerte. Dit het die geleentheid geskep om die program af te wissel met groot dubbelkorige werke en musiek vir enkele solostemme met continuobegeleiding of soloinstrumente saam met continuo. Suiwer instrumentele musiek van Schein en Buonamente het die historiese instrumente op hulle eie ten toon gestel. Tydens die konserte kon die musiek in ‘n boeiende vertelling oor die lewe en omstandighede van Schütz ingebind word, wat duidelik by die gehore byval gevind het.

1. ***Intrade uit Banchetto Musicale*** Johann Hermann Schein (1586-1630)

2. ***Musica est Dei donum optimum*** Orlando di Lasso (1532 – 1594) Music, the gift of the supreme God, draws men, draws gods; music makes savage souls gentle and uplifts sad minds; music moves the trees themselves and wild beasts, affording solace to all.
6-part choir and instruments colla parte

3. ***Jauchzet dem Herren*** (SWV 36) Heinrich Schütz (1585 – 1672)
Psalm 100 (A psalm of Praise)
Double choir and instruments colla parte

4. ***In te Domine*** (SWV 259) Heinrich Schütz Psalm 31: In you O Lord, do I take refuge; let me never be put to shame; in your righteousness deliver me!
Tenor, violin, dulcian and basso continuo

5. ***Also hat Gott die Welt geliebt*** Heinrich Schütz
John 3:16. For God so loved the world, that He gave His only Son, that whosoever believeth in Him, should not perish, but have everlasting life.
5-part choir and instruments colla parte

6. ***Herr ich hoffe darauf*** (SWV 312) Heinrich Schütz
Lord, my hope is in your benevolence, my heart is pleased that you help so gladly. I want to sing to the Lord, that He does so well for me. Alleluia.
Two sopranos and basso continuo

7. ***Der Herr ist mein Hirt*** Heinrich Schütz
Psalm 23: The Lord is my shepherd; I shall not want.
Double chorus, instruments colla parte and basso continuo

8. ***Ich bin die Auferstehung*** (SWV 324) Heinrich Schütz
John 11:25-26. Jesus said to her: “I am the resurrection and the life. The one who believes in me will live, even though they die; and whoever lives by believing in me will never die.”
Two tenors, bass and basso continuo

9. ***Verleih uns Frieden*** Heinrich Schütz
In these our days so perilous, Lord, peace in mercy send us. No God but thee can fight for us,no God but thee defend us; Thou our only God and Saviour.
5-part choir and instruments colla parte

Interval

10. ***Canzon*** Buonamente (1595 – 1642)
    Strings, recorder, dulcian, trombones and basso continuo

11. ***Lobe den Herren*** (SWV 39) Heinrich Schütz
    Psalm 103. Praise the Lord, O my soul! With all that is in me, praise his holy name!
    Double chorus and instruments colla parte

12. ***Anima mea liquifacta est*** (SWV 263) Heinrich Schütz
    My soul melted when my beloved spoke; for his voice is sweet, and his face is lovely. His lips are lilies dripping liquid mirth. (Song of Songs)
    Two violins, two tenors and basso continuo

13. ***Adjuro vos filiae Jerusalem*** (SWV 264) Heinrich Schütz
    I adjure you, daughters of Jerusalem, if you meet my beloved, let him know that I languish with love. (Song of Songs)
    Two violins, viola, soprano and basso continuo

14. ***Wohl denen, die da wandeln*** (SWV 217) Heinrich Schütz
    Psalm 119. Blessed are those whose way is blameless, who walk in the law of the Lord!
    Four-part choir and instruments colla parte

15. ***Fili mi Absalon*** (SWV 269) Heinrich Schütz
    O my son Absalom, my son, my son Absalom! If only I had died instead of you, o Absalom, my son, my son!
    Bass, three trombones, cello and basso continuo

16. ***Banchetto Musicale*** Johann Heinrich Schein
    Instrumental ensemble

17. ***Nun danket alle Gott*** (SWV 418) Heinrich Schütz
    Now let everyone thank God,
    Who does great things to all ends;
    Who for us, from our mothers' wombs,
    Has sustained us in life and done good things for us.
    that He might give us a joyful heart,
    And might continually grant
    Peace in our time in Israel.
    So that His grace may always be with us,
    And redeem us, as long as we live.
    Hallelujah.
    Recorder and violins, 6-part Favoritchoir, 4-part Chapel choir, instruments colla parte and basso continuo

6. Pers

Weens die kompetisie van ander konserte in Pretoria en die situasie in die Vaaldriehoek dat daar geen kritici vir klassieke musiek beskikbaar is nie, het geen kritiek van die konserte in die pers verskyn nie. Die onderstaande artikel het voor die konsert in die Volksblad verskyn.

Schütz se musiek uitgevoer met Barokinstrumente

Elretha Britz

Om so getrou moontlik die musiek van die vroeë Barokkomponis Heinrich Schütz (1585 – 1672) weer te gee speel al die lede van die Ensemble Fons Partita Sondag in die Etienne Rousseau-teater in Sasolburg op Barokinstrumente.

Dié uitvoering is die resultaat van 'n werkskool in Vroeë Musiek wat in die laaste week van Januarie in die Vredefortkoepel gehou is met die Oostenrykse dirigent, sanger en tromboonspeler Norbert Brandauer aan die spits.

Musici van Potchefstroom, Pretoria en Johannesburg het hier byeengekom om werke vir die uitvoering op strykinstrumente met dermsnare en Barokstrykstokke in te studeer.

Baroktrombone is vir die konsert spesiaal van Duitsland ingevoer.

Uittreksels uit Schütz se belangrikste werke, die *Dawidpsalms, Klein geestelike Concerto*, geestelike koormusiek kan in die konsert met die titel *Symphoniae Sacrae* (heilige simfonieë) gehoor word.

Brandauer, wat aan die Mozarteum in Salzburg en die Franz Liszt University in Weimar gestudeer het, het vroeg in sy loopbaan 'n belangstelling in historiese uitvoeringspraktyk ontwikkel.

Hy speel as Barok-tromboonspesialis in talle ensembles in Europa en gee ook kursusse in vroeë Barokmusiek.

Hy is die dirigent van die Salzburgse Kamerkoor, die Weense Seunskoor se Juventuskoor waar hy ook 'n musiekdosent is. Brandauer is ook betrokke by die Salzburgse Jeugorkes en verskeie jeugkore.

Die konsert word ingelei met 'n werk van Orlando di Lasso, 'n Italiaanse komponis wat in die tyd van Schütz geleef het.

Daarna volg gewyde werke van Schütz waarin sangsoliste, koor en die Ensemble Fons Partita gehoor kan word.

■ **Die konsert is Sondag om 15:30 in die Etienne Rousseau-teater in Sasolburg.**

7. Reaksie van Deelnemers

Hilton Anspach, kontrabasspeler

The Schütz project was an enriching and uplifting experience for me. I think we all need those moments when "real life" can be forgotten and one's soul washed in pure beauty. As an amateur musician, the feeling is heightened because such meaningful musical experiences are not that frequent. What I'm trying to say is this: your project introduced me to a world of music previously unknown to me, and the journey was deeply rewarding. I had some moments yesterday in the concert that were almost overwhelming emotionally – something I did not expect at all, and which proves the depth of the experience.

Mietze Dill, cellospeelster

Dit is inderdaad nogal 'n ontnugtering om nou so sonder al die oefeninge en pragtige musiek te wees! Weereens baie dankie vir al jou harde werk om dit als aanmekaar te sit, en ook die geleentheid wat jy ons almal bied om hierdie min-bespeelde (in Suid-Afrika) era te kan verken. Ek hoop om nog weer saam musiek te maak in die toekoms!

8. Finansiële Verslag

Inkomste:	
Toekenning van die Rupert Musiekstigting	60 000
Etienne Rossouwteater: Konsertbetaling	16 500
Inkomste van konsert in Christ Church	3 390
Totaal	**79 890**
Uitgawes:	
Vlug (Brandauer)	11 640
Transport	1 700
Honorarium (Brandauer),	25 167
Honoraria (Coulter, Van der Vyver)	10 000
Akkommodasie en etes (uitgawe van Koepel Kunstesentrum)	10 480
Aankoop van barokskuiftrompette	141 000
Aankoop van bladmusiek	1 990
Administrasie en diverse uitgawes	2 000
Totaal	**203 977**
Tekort	**124 087**

9. Impak en resultate van die projek

Verskeie faktore het aan hierdie projek groot uitdagings gestel. Die gelyktydige afloop van die Mozartfees en die UNISA klavierkompetisie het nie net die gewone (goed betaalde en deur die publiek goed ondersteunde) konsert by UNISA onmoontlik gemaak nie, maar ook ‘n goeie opkoms vir enige konsert in Johannesburg en Pretoria van die begin af onwaarskynlik gemaak. Verder kon vele van die deelnemers aan vorige kursusse weens ander konsertverpligtinge nie meemaak nie. Die drastiese verslegting van die Rand se waarde het alle items op die begroting wat in Euro betaal moes word, aansienlik duurder gemaak – 30%, of R42 000 duurder, om presies te wees. Laastens het die aankoop van drie barokskuiftrompette, hoe merietevol ook al, ‘n geweldige finansiële las op die begroting geplaas.

Ten spyte hiervan was die kursus weereens ‘n groot sukses: Groot geesdrif onder die Suid-Afrikaanse deelnemers sowel as vanaf die dirigent, en twee goed ondersteunde konserte in Pretoria en Sasolburg op ‘n baie hoë vlak van musikale afronding, verskaf die energie om met die ondernemings voort te gaan. Inteendeel: Die konsert in Sasolburg het ‘n nuwe, gesofistikeerde gehoor ontsluit en bygedra om Vroeë Musiek aan ‘n groter publiek bekend te stel, die nuwe deelnemers verbreed die basis van ingeligte musici met wie toekomstige konserte moontlik is, en die beskikbaarheid van die barokinstrumente mobiliseer die tersaaklike musici en sal in die volgende paar maande reeds op verskeie geleenthede gebruik kan word. Die momentum opgebou deur die kursusse, meestersklasse, en konsertprojekte wat sedert 2008 deur die Koepel Kunstesentrum aangebied word, neem steeds toe en bereik binnekort ‘n nuwe hoogtepunt met die eerste Suid-Afrikaanse uitvoering van Bach se Johannespassie met historiese instrumente.